SONNIES FLITSE

SONNEVELD AKADEMIE SE NUUSBLAD

# 2022: 'n Viering van talente...

## Harde werk! Sukses! Beloning! Meriete! Prestige.

- Juffrou Petro Rudolph

Gary Player, een van Suid-Afrika se bekendste en suksesvolste gholfspelers het gesê: "The harder I work, the luckier I get."

Die Sonneveld Akademie-presteerders wat tydens die jaarlikse meriete-oggend en Prestige-aand aangewys is, kan seker dan almal sê dat hulle sommer baie *lucky* is! Soos Gary Player en die res van ons egter weet, is dat dit 99% harde werk en miskien net 1% *luck* is.

Nog 'n suksesvolle ou, Tony Robbins, het gesê: "It's what you practice in private, that you will be rewarded for in public." Hierdie twee manne het sukses en prestasie in 'n paar raak woorde opgesom. Harde werk, en meer spesifiek, dáár waar niemand jou noodwendig sien nie, loop uit op sukses en word altyd beloon.

Dit is vir my heerlik om die voorreg te hê om hierdie artikel te kan skryf. Én dan was ek ook bevoorreg om die oggend en die aand teenwoordig te wees, toe ons skool se heel beste presteerders se prestasies op die gebiede van akademie, sport en kultuur aan familie en vriende uitgestal is. Soveel blink sertifikate, medaljes en nog blinker trofees het ek lanklaas gesien. Dit gee mens darem 'n lekker gevoel om te kan sê ek hou vir hierdie begaafde uitblinkers skool! Hiervan is ek oortuig - elke persoon wat hierdie twee spoggeleenthede bygewoon het, het waarlikwaar gebars van trots op ons kinders.




**Bo: 'n Swierige geleentheid van talente en erkenning.**

Dit is nou iets wat *ge-livestream* moes word, sou ek sê!

Daar is heeltemal te veel name om elkeen hier te noem, maar aan elkeen van julle wil die personeel, julle ouers, oupas en oumas en vriende sê – WELGEDAAN, SEUNS EN DOGTERS! Julle verdien om die vrugte te pluk van 'n jaar se harde werk.

Onthou egter altyd om heel eerste al die eer aan ons Hemelse Vader te gee vir die talente wat Hy aan ons in sy liefde gegee het om hier op aarde mee te woeker. Ek wil daarom graag weer die vers aanhaal wat ons skoolhoof, Meneer Weber, tydens sy opening voorgelees het: **Romeine 11: 36 "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen."**

Mag julle heerlik vakansie hou en met hernude energie en ywer 2023 tegemoetgaan. Ons onderwysers is reg om elke tree van die nuwe jaar saam met julle te stap.

# *Uit die hoof se kantoor…*

Sekerlik kan elkeen van ons die opgewondenheid in die lug aanvoel soos wat die gordyn stadig oor 2022 sak. Die vakansie, feesgety en lekker kuiertjies saam met vriende en familie stook die vuur nog hoër.

Dit is ook die tyd vir bietjie introspeksie met ‘n vinnige terugblik oor nog ‘n wonderlike jaar vir Sonneveld Akademie waarin ons vir seker die voorsienende en versorgende hand van ons Hemelse Vader in oorvloed kon ervaar.

Ja, die jaar het beslis ook sy laagtepunte opgelewer, maar sou ons na die “Balansstaat” kyk, dan balanseer dit tog so mooi.

Ons beklemtoon so graag die “laste” en sien dikwels die “bates” nie raak nie, al is dit reg onder ons oë. Dit laat ons met verwondering oor hoe die Vader alles in stand hou soos bepaal in Sy raadsplan.

Die jaar 2022 het verskeie hoogtepunte opgelewer. Die getuienis daarvan lê vasgebrand in die mooi prestasies behaal deur ons leerders, en dit wat ons dan ook op die verhoog kon ervaar tydens die meriete-oggend en prestasie-aand. Dit was werklik ‘n jaar waar berge in miershopies verander het soos ons dit tree vir tree uitgeklim het.

Baie dankie aan elke leerder, ouer en onderwyser wat saam help dra het aan die spreekwoordelike “sakke sout”.

Ons het die pad geloop in geloof en vertroue met die wete dat die grootste Reisgenoot van alle tye elke tree saam geloop het. Daar waar ons bene lam geword het, lê daar net een spoor in die sand soos Hy ons gedra het. Eer aan ons Leidsman. Die wedloop is voltooi en die wenpaal lê nou in die verlede.

2023 wink met nuwe beloftes en hoop. Sonnies, dit gaan jou jaar wees…kom maak die verskil!

**Regs: Meneer Steven Weber, Sonneveld Akademie se skoolhoof**






Soos wat die 2022 son se laaste strale verdwyn op die horison, wil ek graag die gordyn laat sak met hierdie spesiale woorde wat ek in ‘n e-pos ontvang het van een van ons dankbare ouers:

Mag u ‘n “warm” en geseënde Christusfees ervaar terwyl ons 2023 in geloof en hoop betree in die dankbare woorde van koning Dawid: “Dit wat ek ontvang het is vir my mooi...”

Seënwense!

*Steven Weber*

# AKADEMIESE PRESTASIES

Die kwartaal was net in sy kinderskoene toe kwartaal 3 se presteerders bekendgemaak is.

Baie geluk aan die Sonnies wat aan die begin van kwartaal 4 Top 5- en Top 10-toekennings ontvang het vir hulle uitnemende prestasie in kwartaal 3.

Sonneveld Akademie is baie trots op al hierdie hardwerkende leerders.

TOP 5: **Graad 1**



TOP 5: **Graad 2**



TOP 5: **Graad 3**



TOP 5: **Graad 4**



TOP 5: **Graad 5**



TOP 5: **Graad 6**



TOP 5: **Graad 9**



TOP 5: **Graad 7**



TOP 5: **Graad 10**



TOP 5: **Graad 8**



TOP 5: **Graad 11**



# *KUNSWEDSTRYDNUUS:*

## *Sonnies skitter met pryse en prestasies*

~Marlizelle Burger

Saterdag, 15 Oktober 2022, was ‘n baie groot dag vir ons kunstenaars, sangers en dramaleerders. Soos altyd het ons Sonnevelders weer geskitter met uitstekende pryse en prestasies! Hierdie keer is uitstaande kunswedstrydprestasies behaal.

Ons skool is deur verskeie leerders by die Con Spirito Forté-rondte en Allegretto Prestige-aand verteenwoordig. Tydens hierdie spoggeleenthede is al die itemwenners beloon. Dit was hulle dag om te skyn!

Ruan Binneman, Leandi Oelofse, Maarten van Jaarsveld en Leané Viljoen was almal seremoniemeesters by die Allegretto-funksie. Ruan sê hy was baie angstig, maar na die tyd het hy besef dat dit eintlik glad nie so erg was nie. (Ruan is maar net in graad 5!)


Nog ‘n paar van ons kunstenaars en sangers wat uitgestaan het, is Marlizelle Burger, Nicole Stears en Twané van Niekerk. Hulle was by die Con Spirito Forté-prysuitdeling in Boksburg om hulle pryse te ontvang as nasionale itemwenners.

Twané en Nicole sê dit was ‘n opwindende aand, maar tog ook spanningsvol.

Die Con Spirito kunswedstryd het hierdie jaar uit meer as 580 skole bestaan met 11000 deelnemers en daar lewer die Sonnies sommer ‘n handvol nasionale itemwenners op! Welgedaan Sonnies! Dit wil gedoen wees!

Julle is almal sterre!





**Bo en heelbo: Marlizelle Burger (graad 9) se kunswerke wat haar as nasionale itemwenner uit die stryd laat tree het.**

# Matriekafskeid 2022


- Michelle Fourie & Lorilia Da Encarnacao

Ons almal weet die matriekafskeid is een van die hoogtepunte in die matriekjaar. Hierdie jaar was Sonneveld Akademie se matriekafskeid by Forever Moments in Heidelberg. Dit was 'n aand vol bekoring en glans.

Die pragtige tuine en dekor het 'n sprokiesagtige atmosfeer geskep. Dit was 'n heerlike aand met goeie musiek, kos en 'n betowerende atmosfeer.

Die matrikulante en hulle metgeselle het asemrowend gelyk. Almal het die aand baie geniet.


Dit was 'n wonderlike funksie en die perfekte manier om die jaar te eindig vir die matriekklas van 2022.



**Bo: Migell Fisch (matrikulant) en sy metgesel, Nikita Strydom (graad 11).**



**Bo: Hegte vriendskappe word tydens die skooljare gesmee. Die matriekafskeid is een van die talle skoolgeleenthede waar mooi herinneringe geskep word.**



**Bo: Derick Entres (matrikulant) en sy metgesel, Odelia Scholtz (graad 10).**





**Bo en heelbo: Sonique Butler (matrikulant) en haar metgesel, Renaldo Lochner.**




**Bo: Brandon Basson (matrikulant) en sy metgesel, Lorilia Da Encarnacao (graad 10).**



**Bo: Temielle Da Encarnacao (matrikulant) saam met haar metgesel.**



**Links: Anzel Parsons (matrikulant).**



Bo: Nog 'n foto van Anzel Parsons (matrikulant) en haar metgesel.

# *Ons groet die matrieks van 2022*

**-Venter Clingen**

Die tyd het net te vinnig aangebreek om die matrieks van 2022 te groet.
Volgens egte Sonnie-tradisie het die graad 1-leerders vir al die matrieks 'n klein geskenkie gegee om totsiens te sê en vir hulle sterkte met die eksamen toe te wens.
Die matrikulante het hard gewerk tydens die eindeksamen om hierdie Goliat te verslaan.
Ons wens hulle net die beste toe vir hulle toekoms. Mag julle suksesvol wees!




**Bo: Die graad 1's het hierdie versterkinkie aan die graad 12's oorhandig.**



**Bo: Marilize Fourie (matrikulant).**




**Bo: Die matrikulante het hierdie pragtige geskenk aan die skool oorhandig. Dit is baie besonders en sal 'n baie spesiale plekkie in die kantoorblok inneem.**

# Landbou is nie vir sissies nie!

- CJ van der Merwe & Kiara van der Westhuizen

Die graad 11-Landbouleerders het hierdie jaar 'n uitstekende oes gehad. Dit was nie altyd maklik nie. Dit verg harde werk. Dit is beslis nie 'n vak vir die wat bang is om hulle hande vuil te maak nie.

Die ywerige graad 10's het almal handjie bygesit om 'n pragtige, welige groentetuin aan te lê.

Geluk aan die volgende leerders wat beslis groen vingers het:

Kiara van der Westhuizen
Anuska Janse van Vuuren
Deyshana Bauermeister
Eunu Steenkamp
Zander Viljoen
Dylan Möller
André Griffin
CJ van der Merwe
Regardt Visser
Abigaile Pretorius
Dit was 'n baie lekker jaar vir die Landboufamilie.



**Bo: Kiara van der Westhuizen (graad 10), Meneer Willem de Lange (Landbou-onderwyser) en CJ van der Merwe (graad 10) spog met hulle welige groentetuin.**

# 2023 se Leiers!

-Juf. Petro Rudolph

Dit is weer daardie tyd van die jaar, waar ons in afwagting uitgesien het na die leerders wat verkies gaan word as die span wat ons in die komende jaar gaan lei. Dit is dan inderdaad 'n groot prestasie om as leier gekies te word, omdat dit beteken mense het vertroue in jou.

Voordat julle die groot taak opneem, wil ek graag aan julle 'n paar woorde meedeel, wat julle hopelik sal oordink en gebruik in jul jaar van verhoogde status as leiers van Sonneveld Akademie.

Daar is honderde aanhalings oor leierskap, maar leierskap is 'n komplekse begrip en 'n selfs groter taak, wat nie in een aanhaling gedefinieer kan word en beslis nie ligtelik opgeneem kan word nie. Ek moet egter twee persone aanhaal wat die essensie van leierskap met hul woorde skitterend illustreer.

Stephen Covey het gesê: "What you do has far greater impact than what you say."

En die geniale Sir Winston Churchill het nie nét na leierskap verwys met sy woorde nie, maar ek glo dat dit wat hy gesê het, deur elke leier ter harte geneem kan word, naamlik:

"The price of greatness is responsibility."

Dit is so, dat leiers moet dien, maar leiers het invloed en hóé jy daardie invloed aanwend, bepaal volgens my, of jy werklik jou leierskap na behore uitleef. Dit is nie elke mens wat andere kan motiveer en besiel nie en daarom glo ek, dat leiers werklik 'n baie groot verantwoordelikheid teenoor almal het.

Natuurlik is julle nog op pad na volwassenheid, en daarom besig om vaardighede aan te leer, maar ek wil elkeen van julle aanspoor en uitdaag, om in die komende jaar, jou volle potensiaal na te jaag en uit te leef. Ons is almal uniek geskape wesens en daarom kan elkeen sy/haar eie kwalitiete uitleef in hoe hy/sy hul leierskapspligte opneem.

Vergun my dan een laaste aanhaling: "May our adversities make us strong, may our victories make us wise and may our actions make us proud!"

**Leierskorps 2023, ons salueer julle en mag julle lei, met die oog en hart gerig op Jesus, ons Here!**

## LAERSKOOLLEIERS




Bo: Anton Barnard (hoofseun) en Meleny Muller (hoofdogter).



Agter links: Heinrich Burger, Zananté Henning, Chanté Visser, Damian Jordaan, Luca-Leigh Nieuwoudt en Rainier Cronje.

Voor links: Anton Barnard (hoofseun), Juffrou Letitia Smit (leiervoog), Meneer Steven Weber (skoolhoof) en Meleny Muller (hoofdogter).

## HOËRSKOOLLEIERS

Onder: Roux-André Agenbag (hoofseun) en Twané van Niekerk (hoofdogter).






Agter links: Regardt Visser, Melissa Maffini, Venter Clingen, Jarin Datnow, Nicole Stears, Stian Celliers en Chenélle Dietrechsen.
Middel links: Geraldine Durandt, Lorilia Da Encarnacao, Ruan Coetzee, Lizandri Agenbag, Kiara van der Westhuizen en Leané Viljoen.
Voor links: Roux-André Agenbag (hoofseun), Juffrou Letitia Smit (leiervoog), Meneer Steven Weber (skoolhoof) en Twané van Niekerk (hoofdogter).
Inlasfoto: Dylan Möller (afwesig met die neem van die foto).

# Elizabeth tree af

-Zetske van Niekerk en Rika Oosthuizen

Die jaar staan einde se kant toe en ons sukkel om ons opgewondenheid te bedwing. Ongelukkig moet ons iemand groet wat ons baie na aan die hart lê.
Elizabeth Makhubu tree af nadat sy vir baie jare (vanaf 2011) 'n pad saam met Sonneveld Akademie gestap het. Sy wil graag saam met haar familie gaan rus.
Ons het vir haar gevra wat sy kan onthou van haar eerste werksdag by die skool. Sy onthou nog goed met hoeveel respek en vriendelikheid die kinders en onderwysers haar verwelkom het. Sy sê sy was nog altyd, elke dag, opgewonde om werk toe te kom. Sy het baie lof vir die respek waarmee die kinders haar nog altyd behandel het.
Sy sê sy gaan die kinders se vrolike gelag en gespeel baie mis asook die onderwysers se vriendelikheid en die gesellige teetydjies saam met Olga.
Sonneveld Akademie gaan jou baie mis, Elizabeth.
Geniet jou aftrede en welverdiende rus!



**Bo: Elizabeth Makhubu**

# Skuts Skitter

- Geraldine Durandt en Vaughn Dietrechsen



**Bo: Ons skyfskietsterre saam met Meneer Willem de Lange en Juffrou Carina Joubert.**

Hierdie jaar se SA's het tydens die Oktober vakansie plaasgevind. Die volgende leerders was deel van die span wat SA's toe gegaan het. **Brigette Weber, Vaughn Dietrechsen, Heinrich Burger, Morné Lubbe, Daniella Carter, Chenélle Dietrechsen, Jan-Hendrik Venter, Louis Jordaan, Marluzaan Van den Berg, Geraldine du Randt, Christiaan van Jaarsveld, Marlizelle Burger, Karien Drotskie, Kahlan Duvenage en Deyshana Bauermeister.**
Vaughn neem al twee jaar lank deel aan skole skyfskiet, 2022 was egter sy eerste keer wat hy deelgeneem het aan die SA Skole Skyfskiet kompetisie. Hy was ook die jongste lid van die ESSU-span. "Dit was 'n wonderlike ervaring en ek het elke oomblik daarvan geniet," het Vaughn gesê.
Geraldine het dit baie geniet en sê dat sy uitsien na volgende jaar. Sy vertel ook dat die baanbeamptes baie behulpsaam was en dat sy ook nuwe dinge by hulle geleer het. Sy het baie nuwe mense ontmoet en sal enigeen aanmoedig om aan Skyfskiet deel te neem. Al die skuts het goed presteer en ons glo elkeen het hul beste gegee. Ons is trots op elkeen van ons skuts en kan nie wag vir 2023 nie.

# Die Graad 7's se buitelewens

- Hayley Steyn

Die graad 7's se afskeidsfunksie het plaasgevind te Cedar Junction in Pretoria. Dit is 'n waterpark wat geskik is vir oud en jonk. Die busrit soontoe was gevul met musiek, goeie geselskap en lekker eetgoed. Met ons aankoms het die personeel ons vertel van al die *do's and don'ts* van die park, soos om nie te hardloop nie en dat ons na die lewensredders moet luister. En laaste maar nie die minste nie, dat ons dit net moet geniet!



**Bo: Die hele span.**

Ons het almal ons handdoeke en rugsakke onder een van die lapas gebêre en elkeen het in 'n ander rigting in gehardloop. Daar was verskeie waterglybane, swembaddens en 'n "Lazy river". Daar was ook 'n treintjie wat waarop ons kon ry. Behalwe vir die muggies was dit heel lekker.

Die winkel het roomyse, "slush puppies" en baie lekkergoed verkoop. Ons het elkeen vir middagete, 'n burger met chips en 'n koeldrank gekry.

Daar was ook ander skole en gelukkig het ons almal goed oor die weggekom. Dit was vrek lekker en ek sal nie sommer vinnig my graad 7-uitstappie vergeet nie. Baie dankie aan Mnr. Weber vir die geleentheid om te kon gaan. Ook dankie aan Juf. Margeaux, Mnr. Alan en Juf. Carina wat saam met ons gegaan het. Dit was ook Juf. Margeaux se verjaarsdag wat dit nog meer spesiaal gemaak het.



**Bo: Juf. Margeaux en die graad 7-klas.**



**Bo: Dehandré, Timothy, Armandt, Ryan en Landré.**

# Daar is vissies in die water.

- Benriku Oosthuizen

Op Saterdag, 22 Oktober, by Mihanzi Vaaldam het Sonneveld Akademie sy hengelkompetisie aangebied. Dit was 'n vroeë oggend vir ons almal. Nadat ons vyfuur penne getrek het, het ons afgery dam toe, om ons plek gereed te kry.

Halfsewe het daar 'n toeter afgegaan wat 'n aanduiding was dat ons nou maar ons lyne mag ingooi.

Alhoewel dit 'n lekker dag was, het ons al vier seisoene in een dag ervaar. Die wind het so vreeslik gewaai dat al die spanne aan hul gazebos moes vasklou of hulle was skoonveld.

Selfs met die vreeslike weer het die mense steeds 'n goeie dag gehad. Daar was 'n hele paar groot visse uitgetrek soos die karp van 4.125kg en 'n modderbek van 1.115kg. Dit was 'n lekker naweek wat ons saam met familie en vriende kon geniet.



**Bo: Span 26, Juan Lappies en Johan Els. Johan vat swaarste modderbek (1.115kg).**



**Bo: Span 53, M.J. Venter en Arno Peebles. Arno vat die swaartste karp (4.125kg).**



**Bo: Span 72, Brian Gareth (65) en Jaco Britz van Niekerk. Brian was ons oudste hengelaar.**



**Bo: Span 41, Armand en Tinus van der Merwe. Hulle verwerf die 2de plek in die swaarste sak (31.83 kg).**



**Bo: Span 56, Freddie Whitehorn en Gerhard van Niekerk. Hulle behaal die 1ste plek in die swaarste sak (32.335kg). Gerhard vat ook die swaarste barber (6.03 kg).**





**Bo: Span 60, Ivan. Hy is ons eie penkop en het geesdriftig deelgeneem.**



**Bo: Pen 39 het geen bekendstelling nodig nie. Meneer en Mevrou Weber het ook deelgeneem aan die kompetisie.**

# *Nog 'n paar foto's van ons spogfunksie.*














# Beste jeugbokser in 2022!

**Sonneveld Akademie is uiters trots op André Griffin in graad 10. André is aangewys as die Eagles Boksklub se beste jeugbokser. Welgedaan André!**




## 'n Woordjie van dank…

*Sonnies Flitse* wil hierdie kwartaal weer vir Tannie Suzette Binneman bedank vir haar foto's wat sy altyd graag met ons deel. Sy staan altyd reg om al die aksie vas te vang. Sonder haar wakker kamera-oog sou *Sonnies Flitse* maar vaal wees.

**Regs is Tannie Suzette en Juffrou Margeaux in ligte luim.**









**Sonnies Flitse wens elke Sonnie en die groter Sonnies-familie 'n heerlike rustyd en 'n geseënde Kersseisoen toe! Wees veilig en geniet elke oomblik!**

